Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: (VRAAG 1) is VERPLIGTEND.
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.
3. Lees ALLE vrae sorgvuldig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Watter religieë word deur die volgende persone verteenwoordig?

1.1.1 Bahá'u'lláh (2)

1.1.2 Siddhartha Gautama (2)

1.1.3 Brahma (2)

1.1.4 Profeet Muhammad (2)

1.1.5 Jesus (2)

1.2 Kies die korrekte antwoord van die moontlike antwoorde. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) neer, byvoorbeeld 1.2.11 D.

1.2.1 Die geloof in meer as een god:

A Monoteïsme
B Patriargie
C Monogamie
D Politeïsme (1)

1.2.2 Die ontkenning van die waarheid of betekenisloosheid van 'n religie:

A Teïsme
B Ateïsme
C Ekumenisme
D Mite (1)

1.2.3 Die proses waardeur elemente van een religie met 'n ander religie geïntegreer word:

A Sekularisme
B Sinkretisme
C Evangelisme
D Ritueel (1)

1.2.4 Die geloof in een of meer gode, wat die wêreld geskep het en omsien na die mensdom:

A Teïsme
B Teologie
C Nuwe Testament
D Jesus Christus (1)

1.2.5 Hy het religie die ‘opium van die mens’ genoem.

A Albert Luthuli
B Karl Marx
C Durkheim
D Robert Mugabe (1)

1.2.6 ŉ Tipe heilige storie, hoofsaaklik oor die oorsprong van religieë.

A Ritueel
B Mite
C Verhaal
D Doktrine (1)

1.2.7 ŉ ... is ŉ spirituele leier wat pasiënte genees deur met die voorvaders te kommunikeer.

A Pastoor
B Priester
C Isangoma
D Inyanga (1)

1.2.8 Dit meng nie in met religieë nie:

A Rituele
B Staatreligie
C Gebed
D Sekulêre staat (1)

1.2.9 Dit verwys na die diepte van ŉ persoon se verhouding of konneksie met God.

A Religie
B Gebed
C Spiritualiteit
D Aanbidding (1)

1.2.10 Dit is ŉ nie-sendingsreligie.

A Christendom
B Islam
C Afrika Tradisionele Religie
D Bahá’i-religie/geloof (1)

1.3 Definieer die volgende konsepte in die konteks van religie:

1.3.1 Nirvana (2)

1.3.2 Matriargale sisteem (2)

1.3.3 Denominasie (2)

1.3.4 Ubuntu (2)

1.3.5 Profesie (2)

1.4 Dui aan watter van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf WAAR of ONWAAR langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 Suid- Afrika is ŉ sekulêre staat. (2)

1.4.2 Karl Marx was ŉ groot voorstaander van die konflikteorie. (2)

1.4.3 Judaïsme is een van die nie-sendingsreligieë. (2)

1.4.4 Dialoog verwys na die gesprekvoering tussen twee of meer persone. (2)

1.4.5 Islamitiese godsdiens bied beskerming aan diere soos apies, slange en selfs rotte in sekere tempels. (2)

1.5 Herrangskik die stappe in die heropwekking van ŉ religie. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.

A Verandering begin in die godsdiens intree en nuwe idees en maniere word deur baie mense aanvaar.

B ŉ Nuwe tydperk van harmonie en aanvaarding word aangegryp.

C Veranderings word in die samelewing en natuurlike omgewing ondervind, en dit laat ŉ paar lede ongemaklik voel, en hulle begin om hul wêreldsienings of religieuse oortuigings te bevraagteken.

D Daar is ŉ toestand van harmonie tussen geloof, samelewing en die natuurlike omgewing.

E Baie mense ervaar hulle geloof as iets wat nie meer sin maak in hul lewens nie, en soek veranderings in godsdienstige praktyke en oortuigings. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Verduidelik elk van die volgende konsepte in die konteks van religie:

2.2.1 Ekumenisme (4)

2.2.2 Missie (4)

2.1.3 Godsdiensvryheid/Religieuse vryheid (4)

2.2 Lees die onderstaande uittreksel oor verhale wat deur vroue geskryf is te opsigte van hul ervaring van uitsluiting en beantwoord die vrae wat volg.

> In haar denke oor vroue se uitsluiting uit gemeentelike gebed in die moskee, verklaar Shamima Shaikh dat die uitsluiting van vroue uit gemeentelike gebede verraad ten opsigte van die leerstellings van die Profeet is.
>
> In haar denke oor die reinigingskode vir vroue in die Hindoe-tradisie, het Anu Pillay gesê: 'Wanneer my broers op 'n Sondagoggend tempel toe gegaan het en ek het gemenstrueer, moes ek by die huis bly. Ek het daarteen geskop en ek het tempel toe gegaan. En ek het aanhou wonder of die mure inmekaar gaan val en of ek gestraf sou word.'
>
> [Bron: *Shuters, Topklas Religiestudies, Graad 11*, bladsy 75]

2.2.1 Identifiseer elke vrou se godsdiens en sê hoe sy voel om uitgesluit te word. (8)

2.2.2 Wat het hierdie twee vroue in gemeen? (2)

2.2.3 Wat is jou reaksie op wat hulle sê? (2)

2.3 Hoe help die konflikteorie om die stryd van vroue in verskillende religieë te verduidelik? (10)

2.4 Verduidelik wat bedoel word met 'n *teorie* en gee 'n voorbeeld van 'n teorie wat jy in jou lewe probeer en getoets het. (6)

2.5 Hoe verduidelik die funksionalistiese teorie die doel van religie in die samelewing? (10)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 Wie is die stigter van Sikhisme? (2)

3.1.2 Wanneer is hierdie geloof/religie Sikhisme gestig? (2)

3.1.3 Waar sal jy verwag om Sikhisme aan te tref? (2)

3.1.4 Sikhisme was hoofsaaklik op twee gelowe/religieë gegrond. Watter TWEE gelowe is dit? (2)

3.1.5 Watter ooreenkoms is daar tussen Sikhisme en hierdie twee gelowe/religieë? (2)

3.2 3.2.1 Wat is 'n *ritueel*? (4)

3.2.2 Wat is 'n *deurgangsrite*? (4)

3.2.3 Noem DRIE deurgangsrites in godsdienste. (6)

3.3 Waarom word simbole in godsdienste gebruik? (6)

3.4 Noem TWEE voorbeelde elk van sigbare en onsigbare simbole. (4)

3.5 Verduidelik wat bedoel word met *simbole wat iets voorstel* en *simbole wat iets verteenwoordig.* (6)

3.6 Verduidelik kortliks die term *intergodsdienstige dialoog*. (10)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1

| Amina wil navorsing doen oor die rol van vroue in ŉ tradisionele Islam-gemeenskap. Sy wil weet wat die siening van seuns tussen die ouderdom van 15 en 18 in haar gemeenskap is. Amina is van plan om gestruktureerde onderhoude te voer om haar inligting te versamel. Kan jy haar help om voor te berei vir haar navorsing en om haar bevindings te interpreteer? |
|---|

4.1.1 Wat is die verskil tussen *gestruktureerde* en *ongestruktureerde onderhoude*? (4)

4.1.2 Gee DRIE riglyne vir die opstel van haar vrae vir ŉ gestruktureerde onderhoud. (6)

4.1.3 Gee VYF voorbeelde van vrae wat sy met hierdie navorsing kan vra. (10)

4.2 4.2.1 Noem VYF soorte religieuse mites. (5)

4.2.2 Verduidelik kortliks hoe mites mense help om te verstaan hoe die wêreld werk. Gee voorbeelde waar jy kan. (10)

4.3 4.3.1 Verduidelik hoe modernisasie sommige mense se siening oor religie beïnvloed het. (5)

4.3.2 Wat word met die term '*postmodernisme'* bedoel? (5)

4.3.3 Hoe reageer religieë op die uitdagings van postmodernisme? (5)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou